# *Menere, Ons Wil Jesus Graag Sien*

Baie dankie. Die Here seën julle.

2 Goeienaand. En dis ’n voorreg om weer hier te wees, vanaand, in Dawson Creek. Omtrent nege jaar gelede, het ek die gebou gehad, groot geleentheid voorheen, was hierbo op ’n vakansietjie en het oorkant die straat gepreek hier iewers, ek is heeltemal deurmekaar, die stad het so gegroei vandat ek laas hier was by die Broer Hunter, ek die diens vir hom gehou het.

3 Toe besluit dat as die Here my nog ’n vakansie sou gee, wel, sou ek weer hiernatoe kom, so ek wou eer aan ons Here bewys en—en ’n bietjie gemeenskap hê met die broers en susters van dieselfde kosbare geloof. So dit is vir my gegee dat ek kon stop vir drie aande by hierdie mooi plekkie hier genaamd Dawson Creek.

4 En ek is so bly dat ek kan rapporteer dat ons drie aande gestop het by die, die stad langs julle, Grande Prairie, en ons Here ons grootliks daar geseën het, en ons is so dankbaar daarvoor. En ons glo dat Hy net dieselfde ding hier sal doen, want Hy is net dieselfde God *hier* bo as wat Hy *daar* onder is, en Hy—Hy is net oral God.

5 So nou, ek het vanaand gedink, gewoonlik wanneer ek in die State is en onder mense wat ek ken, julle weet, en het verskeie dienste gehad, gewoonlik neem ek ’n sekere teks en praat vir ’n—’n rukkie, maar, en dan, en die groot veldtogte, wel, die bestuurder doen gewoonlik die preek en ek kom net uit my kamer in gebed en gaan in en praat vir omtrent vyf, tien minute en roep dan die gebedsry.

6 Maar dink vanaand, en, ons kan net met mekaar praat vir ’n rukkie en ons sal mekaar beter leer ken, en dan dink ek dit sou beter wees as ons mekaar net beter ken. En ons weet dat ons Christene en medeburgers van die Koninkryk van die Hemel is, en dan dat ons so is en miskien nog nooit vantevore in die lewe ontmoet het nie, wel, dis goed as ons mekaar ’n bietjie beter leer ken. Ek het gedink deur dit te doen, kan dit ’n wonderlike tyd wees vir my om—om julle te leer ken soort van die byeenkomste bekend te stel.

Ek dink die mikrofoon het iewers afgegaan, ek, nie seker nie, maar ek—ek het gehoor my stem het opgehou eggo *daar* bo, en nou kom ek weer terug.

7 So ek het gedink ek sou julle soort van ’n klein verduideliking van die diens gee. Gewoonlik wanneer ons in ’n stad of ’n

sekere nasie ingaan (Die Here het my toegelaat om te gaan, na omtrent elke nasie in die wêreld, om dienste te hou, en ons, so dankbaar teenoor Hom vir hierdie geleentheid.), met die gebrek aan geleerdheid ensovoorts wat dit sou neem om op te maak om 'n prediker te wees, het Hy vir my gegee, deur Sy genade, 'n ander manier om met Sy mense te praat, dit is deur 'n Skrif aan hulle bekend te stel van "Jesus Christus dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid," die groot, herrese Here Jesus.

8 En hierin, deur visioene te sien, wat was 'n, iets wat ek die voorreg gehad het om te sien van God van 'n baba af. . . Sonder twyfel het baie van julle hier die boeke gelees, die sovoorts, van die getuienis van my lewe, en miskien in sommige van die dienste was. Maar visioene genees niemand nie, *niemand* kan mekaar genees nie. En die grootste deel van my dienste is gebaseer, natuurlik, op verlossing. Goddelike genesing is 'n bysaak, en niemand kan nooit 'n hoofsaak van 'n bysaak maak nie. Maar omtrent ses-en-tagtig persent van ons Here se bediening was Goddelike genesing, Hy het dit gedoen om die oë van die mense te vang.

9 As 'n kosbare vriend van my, een van die, my eerste bestuurders, en was by my tot hy te oud geword het om te gaan, ek dink een van sy kerke is hier in die stad, naamlik die Christen Sending Alliansie, Dr. F. F. Bosworth, hy het altyd vir my gesê, hy het gesê: "Broer Branham, Goddelike genesing is 'n aas wat jy aan die hoek sit. Jy wys nooit vir die vis die hoek nie, jy wys hom die aas, hy gryp die aas en kry die hoek." So dis hoe, soort van, Goddelike genesing gebruik word. Ons. . . Die Here doen iets om te wys dat Hy teenwoordig is, en wanneer die—die mense se oë gevang word om die Teenwoordigheid te sien van die einste God Wat hulle gemaak het en hulle sal oordeel by die Oordeel, is hulle dan gewillig om na Sy lyn toe te kom. So ek is dankbaar vir die geleentheid.

10 Deur dit te doen, baiekeer is—is die gehore groot, en ons gee vir hulle 'n gebedskaartjie om 'n nommer te hou, dan roep ons daardie nommers na die platvorm toe en bid saam met hulle.

11 Nou, ek het nog nooit enigiemand in my hele lewe genees nie, maar ek het die Here tienduisende sien genees, van gedokumenteerde verklarings van dokters en groot hospitale, soos Mayo's, en—en ek het Hom in my kort bediening van agt-en-twintig jaar vir Hom, met gedokumenteerde verklarings, vier dooie mense sien opwek tot vandag, wat klaar oor die tydsgordyn gegaan het en opgewek is, wat ons die verklarings van die dokters het, wat—wat hulle dood verklaar het, en weer lewendig.

12 En baiekeer is hulle gesien in visioene, soos die een in Noorweë, of, glo ek, Finland, 'n paar jaar gelede. Dit is gesien deur 'n visioen drie of vier jaar voor dit gebeur het, ek het almal

dit in hulle Bybels laat sit oor die nasies ensovoorts, en toe dit wel gebeur het, het hulle toe gesien dat dit reg was.

13 Ek glo opreg, waarlik dat gawes en roepings sonder bekering is, ek glo dat hulle gawes is wat van God af kom. En ek glo dat elke plaaslike kerk nege geestelike gawes moet hê wat daarin werk, volgens Een Korinthiërs die 12de hoofstuk.

14 Nou, ons is, volgens wat ek leer. . . Ek behoort nie aan enige organisasie nie, ek het eenmaal behoort en is verordineer in die Sending Baptiste kerk, en toe het ek dit opgegee, nie omdat daar enigiets verkeerd was met die kerk nie, maar omdat ek tussen die mense kon staan, in die bres, en 'n broer vir alle mense kon wees, en die bietjie invloed wat ek gehad het, kon gee van die Here, sou dit nie na een sekere organisasie gaan nie, maar vir alle kerke en alle mense wees, en dit was my keuse om dit te doen.

15 Dis 'n groot voorreg, vanaand, om in hierdie kerk te wees, hierdie organisasie hier wat—wat hierdie kerk besit, wat ek verstaan die Verenigde Kerk is. Ek glo nie ek was al ooit voorheen bevoorreg om vanaf 'n—'n Verenigde Kerk preekstoel te preek nie, en ek beskou dit as 'n groot voorreg.

16 Vertrou dat God hierdie trusteeraad sal seën wat ons hierdie pragtige gebou laat kry vir die aanbidding van God. Mag die Here daardie broers seën, die pastoor seën. Mag dit groei tot 'n magtige, magtige kerk, meer so as wat dit nou is, as dit moontlik sou wees, en elke kerk wat hier verteenwoordig word.

17 Ons verteenwoordig net een Ding, dis Christus. En hulle. . . Ek dink Hy is die Hoofdoel van ons aanbidding en ons toewyding. Party mense gaan *een* kant toe, party gaan na 'n *ander*, soos eenkeer wat ek in 'n gebou ingestap het, daar 'n —'n Metodiste prediker, Eerwaarde Arnie Clagg was, ek was 'n Baptiste prediker op daardie tydstip, Mnr. Bohanon het daar gesit, Charlie Bohanon, wat die vorige Meester Vrymesselaar was, hy was die superintendent van die maatskappy waarvoor ek gewerk het, Vader Halpin, 'n Ierse priester het ingekom, en hy het gesê: "Nou, wat moet ons nou almal doen? Ons sit almal bymekaar."

18 En die ou priester het 'n—'n opmerking gemaak wat ek altyd goed sal onthou, hy het 'n stuk papier geneem en 'n blokkie geteken en geskryf: "Los Angeles," hy het gesê. . . toe het hy 'n hele paar lyne getrek wat afgaan na Los Angeles. Hy het gesê: "Nou, *hier* is Billy," dit was ek, hy het gesê: "hy gaan af met wat ons kan sê die Pennsylvanië Lyn." Gesê: "*Hier* is Broer Clagg en hy gaan af met wat hulle die Suidelike Lyn noem." En verskillendes, lyne wat loop. Gesê: "Hulle lei almal na Los Angeles, bly net op jou trein." So ek het gedink in 'n—'n tyd soos daardie, was dit 'n baie goeie opmerking vir 'n Ierse priester.

19 En so dis, baie waarheid daaraan egter, is die hoofsaak nie *wat* jy glo nie, maar *Wie* jy glo, dis reg. En ons glo, vanaand,

dat Jesus Christus die Seun van God is, wat gebore is uit die maagd Maria, gely het onder Pilatus, gekruisig, op die derde dag opgestaan, en opgevaar in die Hemel, en sit aan die regterhand van die Majesteit van God vanaand, om daar vir ewig te lewe om voorspraak te maak volgens ons belydenis. Daarom, kon Hy nie vir ons intree voor ons eers bely het dat Hy die werk gedoen het nie, dis ’n voltooide werk.

20 Nou, ek mag hierdie stelling maak, dat alle genesing, alle verlossing is—is wat God vir ons vermag het deur Christus, dis alreeds ’n voltooide werk. Nou, hou dit in gedagte soos daar vir julle gebid word, of sê vir julle vriende, dat daar niks is wat ons kan doen om dit te verbeter nie, niks wat ons kan doen om dit te bevorder nie, die enigste ding wat ons kan doen, is om dit te leer, sien, dat dit alreeds vermag is.

21 God, Self, het dit vir ons gedoen op Gólgota, en daar, is Hy ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtigheid verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom; dis ’n verlede tyd. Nou hang dit van my en jou af om geloof toe te eien, in onsself, om te aanvaar wat Christus vir ons gedoen het, en die oomblik wat ons dit aanvaar en bely dat Hy dit gedoen het, dan sit Hy aan die regterhand van God om voorspraak te maak volgens ons belydenis.

22 Nou, die woord *bely* daar in. . .is dieselfde woord, die predikers hier sou dit weet, *verklaar* sê dit, maar *verklaar* en *bely* is dieselfde woord. Om dit te *verklaar*, was “dit klaar te bely.” Dit kom van dieselfde Griekse woord af.

23 En ons weet dat dit. . .ons moet bely dat Hy dit gedoen het, en Hy kan dit nie doen totdat ons dit bely nie, en dan is Hy ’n Hoëpriester om voorspraak te maak op wat ons bely dat Hy vir ons gedoen het, wat ’n geloof gee in ’n voltooide werk wat Christus vir ons gedoen het op Gólgota. Net so eenvoudig. Nou, dis die onvervalste Evangelie.

24 Nou, vandag wanneer jy praat van Goddelike genesing, is dit nogal ’n gevoelige ding onder baie van die kerke. Wat ek. . .in ons. . .in Amerika, en baie van julle Presbiteriane weet, is daar ’n groot navorsing oor, en—en koerante regoor die nasie, ensovoorts, dat ons moet terugkeer, die Presbiteriaanse kerk, na die vroeë apostoliese leer van die doop van die Heilige Gees, praat in ander tale, genesingsdienste moet hou, ensovoorts, in die dienste.

25 Baie van die groot kerke in die State probeer terugdraai na daardie program. Die groot Billy Graham, in sy verklaring onlangs, in ’n preek, gesê: “Ons kan nie die Pinksterkerk langer ignoreer nie,” gesê: “omdat dit een van die groot, groeiende kerke is.”

26 Want die Pinksterkerk word groter as al die kerke saam, die Pinksterorganisasie. Ons *Sondagbesoeker*, die Katolieke

koerant, het verlede jaar gesê dat die Katolieke kerk universeel eenmiljoen bekeerlinge aangekondig het die laaste ne-. . ., uh, verlede jaar. Maar die Pinksterkerk het eenmiljoen, vyfhonderdduisend bekeerlinge verlede jaar self geregistreer, so dit oortref al die kerke, as gevolg van sy evangelistiese assosiasie om die wêreld. En, natuurlik, dit is net predikers wat goed bekend is—is, en—en hoeveel van die ander waarvan ons niks weet nie?

27 Nou, maar Pinkster is nie 'n—'n organisasie nie, Pinkster is 'n ondervinding wat enige gelowige kry. *Pinkster* kan nie georganiseer word nie, Pinkster is 'n ondervinding.

28 Dit gaan na die Anglikaanse kerk, en na die Verenigde kerk en na die Metodis, en die Baptis, en die Presbiteriane: "Wie ook al wil, mag kom." Dis 'n herstel terug na die apostoliese boodskap, wat die Katolieke kerk self eenkeer begin het.

29 Die Katolieke kerk, die vroeë Katolieke kerk was 'n Pinksterkerk. En toe, natuurlik het dit sy organisasie gemaak in die derde honderd jaar na die. . . by die—by die Nicaea Raad, het dit gevorm in wat hulle die organisasie van die groot universele Christelike kerk noem.

30 En daaruit het Martin Luther toe gekom, en John Wesley, en o, aan, sovoorts af, tot ons nou iets oor die negehonderd verskillende organisasies is, maar die agtergrond van die hele Christendom is Pinkster. En as dit eers God se idee van 'n Kerk was, God is onfeilbaar en kan nie verander nie, is dit Sy idee van die Kerk vandag.

31 En dis 'n ondervinding wat enige mens kan kry wat aan enige van daardie organisasies behoort, hy kan dieselfde ondervinding kry in die organisasie waarin hy is, die belangrike ding is net om die ondervinding te ontvang.

32 Nou, verder wil ons graag sê, dat die kêrels elke aand afgekom het, en my seun hoofsaaklik, en hulle gee die mense 'n gebedskaartjie. Hy neem die gebedskaartjies, en staan voor julle, en maak hulle almal deurmekaar, hy gee enigiemand 'n gebedskaartjie wat een wil hê.

33 Nou, probeer om môre-aand hier te wees nie later as sewedertig nie, sodat ons nie die dienste sal onderbreek nie. Daardie aand, dan kom ons, ons het geen manier waar ons gaan roep nie, ons weet nie waar dit mag wees nie, ons mag begin van een tot vyftien, twintig, of miskien begin van twintig, agteruit, of vanaf vyftig begin en *hierdie* kant toe kom, *daardie* kant toe, hulle net meng sodat mense nie ontsteld sal raak en sê: "Nou, as ek nie nommer. . . as ek nie vyf-en-negentig tot 'n honderd kry nie, wil ek. . . wil ek dit nie hê nie." Sien? Maar julle weet nie van waar dit geroep gaan word nie, ons wag tot wanneer ons daar kom.

34 En dan laat dit net die Gees begin beweeg in die geboue, dan buite in die gehore, begin die mense God glo, en die Heilige Gees

gaan reguit in die gehoor in en kies, kry hulle reg uit die gehoor daar, waar hulle ook al is, so die Heilige Gees is nie beperk tot ’n gebedskaartjie, of sovoorts nie.

35 En die gebedskaartjie is net ’n nommer om te keer dat dit soos. . .Jy sê. . .Ek sou sê vanaand, waarskynlik tweehonderd mense hierbinne, ek nie—nie. . .goed met skat van skares nie, maar ek sou sê uiteindelik, miskien ’n honderd-en-vyftig, tweehonderd mense. Wel dan as dit so is, sou ek sê in hierdie groepie sou daar waarskynlik vyftig mense wees wat voor gebid wil word.

36 Laat ons net vra. Hoeveel mense hierbinne is, het ’n siekte wat jy wil hê God moet genees? Steek julle hande op, almal, oral. Sien? Meer as die helfte van hulle. Nou, wie gaan die eerste een op die platvorm wees? Daar—dis waar jy het. . .Ons moet kaarte hê of een of ander manier om dit te doen.

37 Nou, môre-oggend, verstaan ek, om nege-uur by die Windsor Hotel, moet daar ’n ont-. . .(ek reken jy het dit alreeds aangekondig, het jy, Broer?) Dis goed. En ek moet praat (Is dit reg?), by die ontbyt. Bly wees as julle kan kom. Ek dink dis ’n oop ontbyt vir al—al die mense, ons sal bly wees as julle kan kom. En—en—en dan môre-aand, weer, om sewe-dertig.

Nou, sal ons ons hoofde net ’n oomblik buig, terwyl ons praat met die Skrywer van die Boek wat ons gaan lees.

38 Genadige en Magtige God, Wie, voor daar selfs ’n atoom in die lug of ’n molekule in ’n atoom was, U God was. En in hierdie groot Wese wat God genoem word, was daar eienskappe, was daar ’n eienskap om Vader te wees, ’n eienskap om God te wees, ’n eienskap om ’n Geneser te wees, ’n eienskap om ’n Verlosser te wees, en daar was niks om te red of niks om U te aanbid nie, so U was net die groot Bron van alle intelligensie.

39 En U het Engele geskep, toe het U ’n God geword. En toe van daar af het U die mens geskape, ensovoorts. Die mens het geval, en die groot eienskap van God vertoon homself vanaand, as ’n Verlosser.

40 Toe U die mens geskape het, het U ’n Vader geword. En nou het die mens siekte op hom gekry van die val, daarom vertoon die groot eienskap van God, wat ’n Geneser is, homself nou op die aarde as Christus die Geneser.

41 Hoe dankbaar is ons vir hierdie eienskappe wat vertoon word in ons eie lewens, dat ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat iets in ons gebeur het wat ons gebring het van die dinge van die wêreld na die assosiasie as seuns en dogters met die lewende Almagtige God.

42 Ons harte bewe van vreugde as gevolg van hierdie ondervinding. Ons is gelukkig, Vader, en probeer onsself

assosieer met ander, dat ander hierdie groot verlossingsseëninge kan geniet wat aan ons gegee is deur die lyding van ons Here.

43 Verlossing van siele, die Heilige Gees om onder die mense te werk, en om genesings en wonderwerke gedoen te sien word, en die hand van die lewende God wat onder ons beweeg, ons is so dankbaar hiervoor. Vader, ek bid dat U ons broers en susters sal seën oral in Dawson Creek en sy omstreke, mag daar nie 'n siek of beproefde persoon onder ons wees wanneer die dienste eindig nie.

44 Seën U predikers, Here, mag die impak van ons byeenkoms 'n outydse herlewing begin regdeur die—die provinsie, en mag groot tekens en wonders hierdie herlewing vergesel.

45 Ons glo dat ons in die eindtyd lewe, Vader, soos ons by die einde van hierdie dag is, hierdie vier-en-twintig-uur dag. Ons glo soos die son ondergaan in die. . .oor die westelike horison, dat die son van beskawing ook ondergaan, en die einde van die tyd op hande is, en die Son van geregtigheid gereed is om op te kom met genesing in Sy vleuels.

46 Skenk, O Here, dat hierdie lewensbelangrike dinge vir die mense mag wees, dat hulle hierdie klein waarhede kan begryp en aan hulle vashou, en onthou dat eendag dat elkeen van ons in U verhewe Teenwoordigheid sal moet staan en rekenskap gee vir elke gedagte wat deur ons gedagtes gaan. So gee my en my mense en U kinders op die aarde, rein, heilige, getroue gedagtes, dat ons nie onsself mag disassosieer van U Woorde nie, in die wete dat U Woord Waarheid is en U die oneindige, onfeilbare, alomteenwoordige, alwetende God, en almagtig is. Dan, Vader, weet U alle dinge en is U alomteenwoordig om—om vir ons te doen dit wat uitermate oorvloedig sou wees bo alles wat ons kon doen of dink. En ons glo dat U dit vir ons sal gee.

47 En O Vader God, doen iets hier vanaand, onder die mense wat so 'n alarmkreet in hierdie stadjie sal veroorsaak. Skenk dit, Vader, dat die Christen se harte geroer sal word, en teen die tyd dat dit Sondag word, mag elke kerk tot sy vermoë gevul wees, sondaars wat bekeer, groot genesingsdienste wat oral aangaan, dat dit regdeur die land bekend mag wees dat daar 'n herlewing van die lewende God in Dawson Creek, Brits-Columbië is.

48 Vader God, wat myself betref, ek lê myself neer op die altaar, gebruik dit, Here, op enige manier wat U goeddink. Ons doen dit almal, en vra vir U seëninge soos ons verder wag op U Woord. In Jesus' Naam, bid ons. Amen.

49 Nou, net by wyse van—van konteks, wil ek graag lees uit Johannes 12:20 en 21, 'n bekende Skriffie neem net om te praat, nie om te preek nie, want ek's—ek's, wil net met julle praat op 'n manier wat, net hierdie sal uitlê sodat julle sal sien, en ons die afleiding laat maak.

50 Ek glo die Bybel het gesê: “Kom, laat ons die saak uitmaak, sê die Here,” in—in Jesaja die 18de hoofstuk. “Kom, laat ons die saak uitmaak, sê die Here.” Nou, ek dink dis wat ons behoort te doen, te redeneer.

51 So net op die manier van, deur ’n konteks te kry, wil ek hierdie vers lees:

> *En daar was sommige Grieke onder dié wat opgekom het na*. . . die fees om te aanbid:
>
> *Hy het gekom*. . .*na Filippus, wat van Betsáida in Galiléa was, en hom gevra en gesê, Meneer, ons wil Jesus graag sien.*

52 En dan in Hebreërs 13:8, lees ons hierdie verse hier:

> *Jesus Christus dieselfde gister,*. . .*vandag, en tot in ewigheid.*

53 Nou, daar is nogal ’n vraag. En nou, om dit reg te verdeel en dit ’n—’n verstandige interpretasie te gee, na die beste van my wete is dit: Dat ons almal is, weet dat as Christengelowiges dat ons bestem is om eendag in die Teenwoordigheid van God te staan. Ons weet dit, ons moet in Sy Teenwoordigheid staan, want ons is skepsels van Sy skepping.

54 En as Christene, glo ons dat hierdie Bybel die onfeilbare Woord van God is. Ek is. . . As ek Dit nie kan aanvaar, elke Woord nie, dan kan ek—ek nie geloof hê nie. Jy kan—kan nie geloof hê in iets waaroor jy—waaroor jy twyfel nie, want jy moet—jy moet geloof hê in iets waarin jy glo.

55 So as die Woord teenstrydig is, of Dit bedoel was vir ’n ander eeu, of ’n ander volk, en die geskrifte Daarin, sommige Skrifte waar is en ander is nie waar nie, soos mense ons sou wou laat glo, of probeer, dan, vir my, is Dit nie eens. . . Dis—Dis die verwarrendste ding, ek—ek sou Dit nie eens in my huis hê nie, want ek laat nie literatuur van die wêreld in my huis inkom nie. En as hierdie Boek teenstrydig met Homself is, of Dit iets belowe wat Dit nie kan gee nie, dan is ek. . . Dit—Dit nie die Woord van God nie.

56 Nou, onthou, God is oneindig, en Hy is Almagtig. En Hy is alomteenwoordig, omdat Hy alwetend is, of, en. . .

57 Nou, let op, dan is *hierdie* Woord die waarheid, en as Dit die waarheid is, is Dit God se Woord; en niemand is beter as sy woord nie. Ons wil altyd kontrakte met mekaar teken. Maar vir my het dit altyd gelyk of ek ’n kontrak teken met ’n man wat ek nie veel vertroue in het nie! Maar as ek vertroue in die man het, teken ons geen kontrak nie, ons woord is wat staan. Jou woord is jou verbond.

58 En as ek julle nie die waarheid kan vertel nie, dan is my woord nikswerd. En as God vir ons iets vertel het wat nie die waarheid is nie, dan is *Hierdie* nie die Woord van God nie, of

Hy kan nie God wees nie. Hoe kan Hy die oneindige God wees, en dan iets vertel wat verkeerd is? Sien? So ek glo dat *Hierdie* die Woord van God is, en dat die regte denkwyse oor enige van daardie Goddelike beloftes daarin, dit sal laat plaasvind.

59 Nou, ek ka-. . . Daar's. . . Ek sê dat daar beloftes daarin mag wees wat ek nie kan laat plaasvind nie, soos Henog wat met God gewandel het vir vyfhonderd jaar, en 'n middagwandeling geneem het, saam met Hom Huis toe gegaan het sonder om te sterf. Ek wens ek het daardie soort geloof gehad, maar ek sou nie in iemand anders se pad wou staan wat daardie soort geloof gehad het nie. So ons moet glo Dis die Woord van God.

60 Nou, kyk hierna, daardie Grieke het die begeerte van elke persoon wat ooit van Jesus Christus gehoor het, goed uitgespreek, want hulle het gesê in hulle—hulle. . . wat hulle wou hê, was: "Menere, ons wil Jesus graag sien." Hulle het nie begeer om Hom te hoor leer nie, hulle het nie gevra vir enige van daardie wonderwerke om hulle te sien nie, hulle het nie gesê: "Laat ek jou. . . Jesus se wonderwerke sien, laat ek Hom 'n rukkie hoor leer nie." Hulle het gesê: "Menere, ons wil Jesus graag sien."

61 Nou, hulle was opgewonde, omdat hulle van Hom *gehoor* het. Nou: "Geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord." Nou: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." So hulle het gekom om die Woord wat vlees geword het, te sien, Christus was God se Woord wat vlees geword het.

62 Nou, as Hy toe was, hierdie mense toegelaat het om Christus te sien, en ons, vanaand, sou begeer om Hom te sien, waarom kon ons Hom dan nie net so goed sien as wat hulle het nie? Nou, hoeveel hierbinne wil graag sê: "Ek sou graag vir Jesus wou sien"? Laat ons julle hande sien. Net regoor die gehoor, maak nie saak of jy Christen is, sondaar, of nie: "Ek wil Jesus graag sien."

63 Wel, as dit ons begeerte is, en dis dieselfde begeerte wat daardie Grieke gehad het wat gekom het na die fees. . . Dit was die fees van Pinkster, en, toe hulle met hulle begeerte gekom het, hulle het van Hom gehoor, maar hulle wou Hom sien. So hulle het hulle begeerte gekry deur dit te vra deur 'n dienskneg van Christus.

64 Dan as Hy dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid, sou ons dan nie ons begeerte net so kon kry as wat hulle kon, as Hy dieselfde is nie? Behoort ons nie in staat te wees om Hom te sien net soos hulle het nie? As dit nie is nie, dan is daar iets verkeerd met Sy Woord, want Hy het *hier* gesê dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Wel dan, as ons na Hom sou soek vanaand. . .

65 En laat ek nog een belofte aanhaal, wat ek nie te veel van julle tyd in beslag sal probeer neem nie, want ek weet julle boer,

en moet julle saad saai, ensovoorts, en ek—ek wil dit nie in beslag neem nie. Maar ons het 'n paar Sade hier wat 'n ander soort Lewe kweek, so kom ons neem, lê hierdie Sade in ons harte, want Hulle is Ewige Lewe vir almal wat Dit sal aanvaar en Dit glo.

66 Nou, Jesus het gesê: "Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam, daar sal Ek in die midde wees." Nou, dan moet dit Hom nou in ons teenwoordigheid inbring. Dan as Hy hier is, die onsigbare Christus, waarom kan ons Hom dan nie sien soos daardie Grieke Hom wou sien nie? Want Hy is dieselfde in elke opsig behalwe die kardinale liggaam, vleeslike liggaam, liewer, Hy is dieselfde Christus.

67 Wel, hoe sou ons weet dat Hy hier was? Hoe sou ons verstaan dat Hy hier was? Nou, Hy het hierdie soort beloftes gemaak: "n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld."

68 Nou, Hy het belowe om in Sy Kerk te wees, saam met Hulle te werk, "En die werke wat Ek doen, sal julle ook doen, meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader." Dis Johannes, 14de hoofstuk, ek dink die 8ste vers. Dat ons meer kan doen as wat Hy kon, die King James sê *groter*, maar die oorspronklike vertaling is *meer*, want daar's niks groter nie, Hy het die siekes genees, die dooies opgewek, die natuur gestop, maar waar Hy in een Mens was, God toe was, is Hy nou in Sy Kerk universeel, sodat Hy meer deur die Kerk kan doen, as wat Hy net in een Persoon kon.

69 Nou, watter tipe persoon sou ons soek, as ons in Dawson gesoek het, vanaand, om Jesus te vind? Julle wil Hom graag sien, so na watter tipe persoon sal ons soek? Sal ons soek na een of ander snaaks-aangetrekte persoon, een of ander man geklee in godsdienstige klere, soos klede of met krae om of een of ander godsdienstige . . . ? Nee, want Jesus het gewone klere gedra. Hy . . .

70 Sou ons soek na iemand wat anders lyk as iemand anders? Nee, Hy was 'n Man, het gelyk soos enige mens lyk, Hy het in en uitgegaan, mense, niemand het anders geweet as dat Hy maar net 'n gewone mens was nie. En dis waar die Jode nie kon verstaan dat Hy, Homself God gemaak het en tog 'n Man was nie, want hulle het Sy—Sy moeder en Sy broers en Sy susters geken, en hulle het gewonder waar al hierdie groot wysheid wat Hy gehad het, waar dit vandaan gekom het.

71 Hy het nie enige skool geken nie, Hy, uh, dat Hy 'n—'n Onderwyser was, ons het geen rekord van Hom wat een dag nêrens in enige skool spandeer het nie. En ons het net rekord van selfs die apostels, almal van hulle was, min of meer, ongeletterde, ongeleerde mense. Die een wat Christus behaag het om die

sleutels van die Koninkryk te gee, kon nie eens sy eie naam teken nie.

72 Ek probeer nie onkunde ondersteun nie, ek probeer julle net sê, dat ons nie mense kan opvoed om God te sien nie. God word nie geken deur geleerdheid, of wetenskap, of. . .Hy word net geken deur geloof, is die enigste manier wat jy Hom kan vind, is deur Hom te glo, dis die program wat Hy neergelê het, sodat die ongeleerdes en geleerdes, saam, die gemeenskap van Sy Teenwoordigheid kan geniet op grond van geloof in Sy Woord.

73 So na watter soort persoon sou ons soek as ons nie na daardie soort persoon sou soek nie? Ons vind sulkes vandag, ek sê dit nie krities nie, maar ek sê dit om—om eerlik te wees, dat ons ons kerke vandag aangetrek vind in die mooiste geboue, ons ons bediening vind in die beste klere, en—en ons kore, en ons. . .met die beste van—van—van sang, ons ons predikers vind met—met Ph.D., L.L., allerhande grade, maar waar is daardie Jesus?

74 Dr. Morris Reidhead, die president van die groot Soedan Sendings, die grootste in die wêreld, het onlangs na my toe gekom, en in die kamer, het hy gesê: "Broer Branham, ek het genoeg grade, met eregrade om jou muur te pleister." Hy het gesê: "Maar waar is Christus in enige daarvan? Was die leraars verkeerd?"

75 Ek het gesê: "Ek sou dit nie wou sê nie, Meneer." Ek het gesê: "Ek, as 'n—'n persoon met 'n laerskoolopleiding, ek kan nie sê dat daardie groot, goeie leraars verkeerd was nie, maar, hulle het jou die waarheid vertel, maar Christus is nie in grade wat jy hier kry deur teologie nie, Christus is deur geloof, Hy is nie 'n mite nie, Hy is 'n Persoon."

76 Die Heilige Gees is nie 'n gedagte nie, Dit is 'n Persoon: "Wanneer Hy, die Heilige Gees, gekom het," en *hy* is 'n persoonlike voornaamwoord, so Dit—Dis absoluut, Dis 'n Persoon van Christus in die vorm van die Heilige Gees wat in jou woon.

77 Jesus het gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." Nou, die wynstok dra nie vrugte nie, die lote dra vrugte, so daarom, moet Hy my en jou gebruik, ons oë, ons lippe, ons—ons gehoor, ons spraak, alles, dis Hy wat deur ons praat: "Ek is die Wynstok, julle is die lote."

78 So dit sou die assosiasie van Christus in Sy mense wees, as ons Hom vandag kon sien optree soos Hy toe het, want dis 'n belofte aan Sy Kerk: "Julle in My bly en My Woord in julle, vra wat julle wil." O, soveel duisende beloftes kon hier aangehaal word. Maar dis Christus in Sy Kerk.

79 Wat ons onder ons almal gedoen het, ek veronderstel ek is in 'n gemengde gehoor, soos gewoonlik, maar wat ons gedoen het, ons het Christus geassosieer met 'n intellektuele begrip van een of ander historiese God. As Hy 'n historiese God is, wat sal Hy

ons vandag help? As Hy nie dieselfde God vir hierdie geslag is as wat Hy was in die apostoliese eeu nie, wat sou die God van Moses help as Hy nie dieselfde God vandag was nie? Wat sou 'n genesende God help wat die siekes genees het destyds in sy dag, en, as Hy nie dieselfde vandag is nie?

80 As ek genesing sou bevraagteken, sou ek beslis verlossing bevraagteken, want hulle is beide onderpande van ons verlossing. . . van ons voleinding. As. . . Ons het nou net die onderpand van ons volkome verlossing.

81 Wanneer jy 'n skaduwee van 'n mens met 'n sarkoom kanker kan sien, terugkeer na 'n nuwe mens en weer gesond en sterk word, is dit 'n teken dat ons eendag 'n verheerlikte liggaam sal hê, want net 'n lewende God kon so 'n wonderwerk doen.

82 Wanneer ek 'n vrou op die straat kan sien wat so laag is, gedaal het, onsedelik, of 'n man uit 'n kroeg, wat rook, en drink, en vloek, en aangaan, en 'n paar dae se tyd, is hy 'n heilige, goddelike persoon, wat vergoed vir al sy verkeerde dinge, dis, wys dit dat iets met daardie man gebeur het. Sien? Dit spreek van 'n ander Land.

83 Ons is burgers, nie van Kanada nie, ons, ons is ook nie burgers van die Verenigde State nie, ons burgerskap is van Bo. Ons is burgers van die Koninkryk van God.

84 Wanneer ek in Duitsland ingaan, kyk ek na hoe hulle maak, hulle het hulle eie idees. Ek het gekom van een van die grootste dienste af, waar ons gemiddeld tienduisend siele gered het elke aand, vyftigduisend gered in vyf aande, en toe ek in die straat afkom, hier was die gelowiges met yslike groot bekers bier, wat drink net so vinnig as wat hulle kon drink, die Here prys so hard as wat hulle kon. Sien? Wel, hulle, dis hulle gebruik in Duitsland, sien, hulle steur hulle glad nie daaraan, ensovoorts nie.

85 Jy vind verskillende eienskappe in verskillende nasies, ons vind dit in Kanada, vind dit in die Verenigde State. Maar dan, wanneer 'n Christen 'n Christen word, is hy nie meer 'n burger van hierdie wêreld nie, want ons weet duidelik dat ons Abraham se Saad is, en hy het bely dat hy 'n pelgrim en 'n vreemdeling was, hy was 'n burger van 'n ander Wêreld, op soek na 'n Stad wie se Boumeester en Oprigter God was.

86 So ons, ons burgerskap is van Bo, en Bo is heiligheid, en reinheid, en krag, openbaring. Daarom, ons is burgers van die Koninkryk van God, en as burgers van die Koninkryk, laat ons soek na ons Koning.

87 Hoe lyk Hy? Waar sou ons Hom vind? Die enigste verstandige manier wat ek vir jou kon sê, my vriend, vanaand, is om terug te gaan in die Skrif en uit te vind wat Hy gister was, dan wat Hy gister is, sal Hy dieselfde wees vandag en sal tot in ewigheid wees, want Hy is die oneindige, onfeilbare, onveranderlike God.

88 En nou, laat ons teruggaan, laat ons aflê, ek sal my Baptiste tradisie opsy sit, sit julle julle Metodiste, en die Pinkster tradisies opsy, laat ons reguit teruggaan in die Skrif en uitvind wat Hy was. Nou, dit behoort logies, verstandig te wees. En dan, sal ons uitvind of ons Hom kan sien of nie, of Hy ons sal besoek, vanaand, en ek is seker ons sal baie bly wees as Hy sou.

89 Let op, kom ons gaan terug, ons lees uit Johannes die 12de hoofstuk, laat ons teruggaan na die 1ste hoofstuk van Johannes en begin. Ons vind uit, onmiddellik na Sy geboorte dat Sy openbare bediening begin het.

90 Die eerste ding wat ons vind wat Hy gedoen het, was om vir die siekes te bid, en Hy was geassosieer met Goddelike genesing van die begin af, gebid vir die siekes. Groot wonderwerke het Sy gebede vergesel, want die Vader het die gebede van Sy Seun beantwoord.

91 Dan weet ons dat daar 'n volk in daardie dag was wat gesoek het na 'n Messias. Laat ons nou nie hierdie punt verloor nie, hulle het gesoek na 'n Messias, Gesalfde, 'n Christus wat belowe is deur die Ou Testamentiese profete. Al die pad van Génesis af, is 'n komende Messias belowe, elke geslag het uitgesien na daardie komende Messias.

92 Maar die vreemde ding, toe Hy gearriveer het, was hulle so vasgevang in ander dinge, dat hulle Hom nie herken het as die Messias nie. Hulle was so georganiseer, so eng onder die. . . het hulleself van mekaar geskei, Fariseërs en Sadduseërs ensovoorts, net soos dit vandag is.

93 So die einste teken dat daardie Messias veronderstel was om te wys dat Hy die God-gestuurde Messias was, hulle het dit nie gesien nie, as gevolg van hulle verhouding met hulle, of, hulle assosiasie met hulle denominasie. Mag ek dit sê met eerbied en broederliefde: dis omtrent dieselfde vandag.

94 Nou, toe Johannes die Doper op die toneel gekom het, het 'n wonderwerkbediening op die toneel gekom van 'n verskynsel wat preek, soos iets van die soort van Billy Graham, wat ons vandag sou sê, toe daardie groot bediening gekom het, was die mense verstom, en baie van hulle het in hulle hart gedink dat hierdie die Messias was. Maar hy het vir hulle gesê hy was nie die Messias nie, hy was net 'n voorloper, dat Hy ná hom sou kom. Toe, toe Jesus gekom het, en, Johannes Hom herken het aan 'n teken, dat in die woestyn, God die Vader vir Johannes gewys het dat hy nie mislei sou word om die ware Messias te sien nie, want Hy sou 'n teken hê wat Hom gevolg het.

95 Nou, ons moet onthou dat die Messias, volgens die Ou Testament leer, wa. . . volgens Génesis, of, Deuteronómium 18:35, moes Hy 'n Profeet wees. Moses, die groot profeet van die Ou Testament, wat die Joodse godsdiens in orde geplaas het, gesê dat "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig, soos ek. Dit sal

gebeur dat wie ook al nie na hierdie Profeet luister nie, uitgeroei sal word onder die mense." En aan en aan spreek dit van Hom.

96 Al die Ou Testamentiese leringe het gewys na 'n Messias wat sou kom, en al die Ou Testamentiese karakters het hierdie Messias verteenwoordig totdat dit in 'n Mens vervul is. Dawid, wat geween het oor die Jerusalem, nadat hy geweier is, verwerpte koning, agthonderd jaar van toe af, het die Seun van Dawid op dieselfde berg gesit, verwerpte Koning deur Sy Eie mense, en geween oor Jerusalem: "Jerusalem, Jerusalem!"

97 Josef, 'n gebore seun onder ander broers, wat 'n eienaardige geboorte was, en hy is gebore om 'n siener te wees, hy het drome gedroom, en visioene gesien, ensovoorts, en hy is gehaat deur sy broers om die einste dag waarin ons nou lewe, te tipeer. En daar was sy broers groot manne, die aartsvaders, maar het hom uiteindelik doodgemaak, net soos hulle Christus het, in 'n sloot gegooi, verkoop vir amper dertig stukke silwer, opgeneem en in sy gevangenskap, was een verlore en die ander een gered deur die slagter en die, of, die bakker en die hoofskinker. En so in Jesus se gevangenskap aan die kruis, een verlore en een gered.

98 En toe nadat hy verhef is tot die hoogste posisie in—in die koninkryk, van die regterhand van Farao, wat Jesus verhef is tot die hoogste posisie in die Hemel, die regterhand van God. En toe Josef uitgegaan het, het die basuin geblaas: "Buig elkeen jou knie, Josef kom." Dieselfde ding wanneer die Basuin weerklink, "Elke knie sal buig, en elke tong sal bely voor Jesus Christus, die Seun van God." Ons sien dit alles getipeer.

99 Kyk na Elía, en verder daardeur, het alles getipeer, tot by Johannes. En toe het die Messias verskyn volgens daardie manne destyds daar wat gesalf was met Sy Gees, en Hy was die volle God in Messiasskap, Hy was die gesalfde God, 'n Profeet.

100 En toe Hy gekom het om daardie tekens onder die mense te doen, was party van hulle was *so* vasgevang in hulle kerkgeloof, dat hulle Hom nie gesien het nie. Nou, laat ons Sy lewe repeteer, laat ons Hom vind in die 1ste hoofstuk van Johannes. Een van die eerste dinge wat ons Hom sien doen: Daar was 'n man met die naam van Andréas, wat in Hom geglo het, wat sy broer, Simon, oorreed het om hierdie Man te kom sien.

101 Simon, wat later Petrus geword het en die sleutels van die Koninkryk gegee is, die hoofbiskop van die Kerk, 'n visserman, onkundig, het die Bybel gesê, ongeletterd, Heilige, uh, Boek van Handelinge die 3de hoofstuk, dat hy beide onkundig en ongeleerd was, en so, en Johannes ook.

102 En dan wanneer ons hom vind inloop in die Teenwoordigheid van hierdie Man, Wat veronderstel was om die Messias te wees, kom ons kyk wat hy gevind het. Wat as hy 'n man sou vind wat net 'n groot teoloog was? Hulle het baie van hulle gehad in daardie dag. Sien? Hulle het baie van hulle gehad. Het hy . . . ? Wat het hy

gevind? Nie 'n groot teoloog nie, maar hy het 'n nederige soort Kêreltjie gevind. En sodra hy in Sy Teenwoordigheid ingestap het, het Hy hom in die gesig gekyk en gesê: "Jou naam is Simon, en jou vader se naam is Jona." En onmiddellik het hierdie goed-opgeleide man in geestelike dinge herken dat Dit die Messias was.

103 Honderde jare sedert hulle 'n profeet gehad het, en hulle het geweet die volgende in die ry was die Messias, nou, hou dit in gedagte, onmiddellik, het hierdie man Dit herken as die Messias, en het hy aan Sy voete neergeval.

104 Daar was een wat daar gestaan het met die naam van Filippus, wat dit sien gebeur het, en toe hy dit sien gebeur het, het hy onthou van 'n goeie vriend. Daar's iets daaraan, wanneer jy waarlik, Christus, sien, jy jou vriend moet vertel, enige man voel so oor sy vriend.

105 So hy gaan om die berg, vyftien myl, en hy kom by die plek waar 'n vriend, wat 'n groot Bybelstudent was, en sy naam was Natánael, en hy het hom onder 'n—'n boom gekry, buite in die vyeboord, aan die bid, en toe Filippus op hom afgekom het, het hy vir hom gesê, na sy gebed: "Kom, kyk Wie ons gevind het!"

Nou, onthou, nie Dr., Ph.D. Sien? Nie 'n man met 'n groot teoloog nie. "Ons het die Messias gevind, wat die Christus genoem word."

Gesê: "Wel, Wie is Hy?"

Gesê: "Jesus van Násaret, die Seun van Josef."

106 O nou, dit het regtig daardie man getref, omdat hy 'n bietjie—'n bietjie geassosieer geraak het met die kerk, omdat hy ortodoks was, en hy het gesê: "Nou, kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?"

107 Met ander woorde: "Kan 'n—'n arm stadjie soos daardie, of 'n arm klas mense wat agterlik is en—en—en beswadder word, bekend regdeur ons ganse mooi land as 'n bose plek, hulle is onkundig, en hulle is moordenaars, en skurke, ensovoorts, kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?"

108 En ek wens dat almal hierdie gesindheid sou hê, dieselfde ding wat. . .en Nat-. . .wat hy, Filippus, vir Natánael gesê het, hy het gesê: "Kom, en kyk." Daar het julle dit: "Moenie by die huis bly en kritiseer nie, kom kyk self."

109 Langs die pad, wens ek dat ek hulle kon hoor praat het, sonder twyfel dat hulle gepraat het oor wat die Messias moes wees. Wel nou, Natánael was 'n geleerde man, wel, hy het gesê: "Sonder twyfel, sekerlik, ek weet wat—wat die teken van Messias sal wees, want Hy sal 'n Profeet wees."

Nou, miskien het hulle gesprek iets soos hierdie verloop: "Onthou jy die ou visserman, daar onder, met die naam van—van Simon?"

"Ja, ek onthou hom."

"Wel, jy onthou hy kon nie eens sy naam teken op 'n kwitansie vir jou vis nie."

"O, sekerlik. Ek ken hom en sy pa, ook."

110 "Hy het nou opgestap voor hierdie Man, wat van Násaret af kom, hierdie Galilése Profeet, en onmiddellik sodra hy in Sy Teenwoordigheid gekom het, het Hy vir hom gesê sy naam is Simon en dat hy wa-. . . sy pa se naam Jona was. Dit sou my nie verbaas as Hy vir jou sou sê wie jy is nie."

111 Wel, dit sou moeilik wees vir Filippus om dit te glo. Maar nou, onthou vriende, wat sê ek? Wat probeer ek by julle tuisbring? Dit was hoe die publiek geweet het dat dit die teken van Jesus, die Messias, was.

112 Nou, ek sou 'n uitdaging daaroor maak: Daar's niemand wat dit kan betwis nie, dis die waarheid, dit was 'n teken wat die Messias moes vergesel.

113 Wel, sodra Filippus opgekom het in Sy Teenwoordigheid, en Natánael gebring het, het Jesus omgedraai en na hom gekyk, en gesê: "Aanskou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

114 Dit het net hierdie kerklidmaat afgeblaas. Hy het skaars geweet wat. . .Hy het gesê: "Rabbi," (wat beteken: "leraar,") "van waar het U my geken? Jy het my nog nooit gesien nie, hierdie is ons eerste ontmoeting. Hoe sou U sulke goed van my weet?"

Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Die heelpad om daardie berg. Watter oë! Sien? "Ek het jou gesien."

115 Luister na hierdie aanhaling. Wat het toe gebeur? Natánael het sonder twyfel op die grond geval, en opgekyk na Hom en gesê: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel, daardie groot Gesalfde, want ek weet dat die Skrifte vir ons gesê het dat dit die teken van Messias sou wees. U is waarlik die Een waarna ons gesoek het."

116 Wel, as dit gister Hy was, wat Homself bekend gemaak het aan Sy mense, wel, Hy is dieselfde vandag, die Skrif sê Hy is.

117 O, natuurlik nou, daar was diegene wat daar gestaan het wat dit nie geglo het nie, en hulle was stoere gelow-. . ., uh, stoer ortodoks, hulle studeer met hulle rug gedraai, met hulle klede en alles, hulle groot tulbande op ensovoorts, met al die godsdienstige banier en dogma wat hulle kon hê.

118 Staan daar met groot titels voor hulle name en sulke dinge, en hulle gemeente teenwoordig, in die wete dat hulle aan hulle gemeente daarvoor moet verantwoording doen, hulle dit nie kon betwis nie, daar was dit, die fenomeen is gedoen, iets moes gesê word. En wat het hulle gesê? Hulle het gesê: "Hierdie man is

Beëlsebub, die hoof van die duiwels, 'n fortuinverteller, hy lees hulle gedagtes."

119 Nou, toe hulle...hulle het dit nie hardop gesê nie, hulle het dit in hulle hart gedink, het die Bybel gesê: en Jesus, wat hulle gedagtes onderskei het, het omgedraai en gesê: "Ek sal julle daarvoor vergewe, maar eendag kom die Heilige Gees, en wanneer Hy kom, sal Hy dieselfde ding doen, en om 'n woord Daarteen te spreek, sal nooit vergewe word in hierdie wêreld, en ook nie in die wêreld wat sal kom nie." So julle sien waar ons dan staan, in hierdie dag.

120 "Na die dood van Jesus Christus en om die Bloed van die Verbond, waarmee ons geheilig is, te vertrap, en Dit 'n onrein ding te noem, en die werke van genade te verontagsaam, bly daar geen offer vir sonde meer oor nie." Hebreërs die 6de hoofstuk. So julle sien waar ons is, ons verag die einste werke van genade wat ons geroep het tot heiligmaking, sien, deur 'n woord Daarteen te sê.

121 Nou—nou, na wie toe het Hy gekom? "Hy het na Sy Eie toe gekom." Wie was Sy Eie? Hebreërs, Jode. Nou, daar was—daar was twee kla-. . . daar's altyd drie klasse, nie *klasse* nie, ek sou dit nie sê nie, rasse mense op die aarde. Ons kom almal van die seuns van Noag af: Gam, Sem, en Jafet. Nou, dit was Jood, Heiden, en Samaritaan.

122 Nou, aan hierdie predikers wat hier agter my sit, en miskien sommige wat voor my sit, ons weet almal dat Petrus die sleutels van die Koninkryk gegee is, dat ek dit vir julle kan duidelik maak deur die genade van God, Petrus is die sleutels van die Koninkryk gegee.

123 Nou, op die Dag van Pinkster, was hy die een wat die Koninkryk oopgemaak het vir die Jode, ons erken dit. En toe Filippus afgegaan het en vir die Samaritane gepreek en hulle gedoop het in die Naam van Jesus Christus, net die Heilige Gees het nog nie op hulle gekom nie, en tog het Filippus die Heilige Gees gehad, so hulle het Petrus laat roep, en hy en Johannes het afgekom en hande op hulle gelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang. Is dit reg? Goed.

124 Toe vind ons uit dat hy eendag op die dak was, en 'n visioen gekry het, en Cornelius 'n visioen gehad het, wat 'n Heiden was, en hulle het hom na Cornelius se huis toe gestuur, en daar het hy die Evangelie aan die Heidene oopgemaak. Daar's jou drie mense: Gam, Sem, en Jafet se mense. Die apostel is nie weer gebruik, die sleutels, om oop te maak vir die Koninkryk nie, want dit was oop vir almal toe.

125 Nou, ons let op toe Hy gekom het, was daar die Heidene, ons, die Anglo-Sakse, wat nie gesoek na 'n Messias nie, ons was heidene, Romeine ensovoorts, wat afgode aanbid het. Maar daar was twee klasse mense, of twee rasse, wat na Hom gesoek het,

wat Jood en Samaritaan was, en 'n Samaritaan was half Jood en Heiden.

126 Nou, luister nou mooi, sodat julle dit nie sal mis nie. Nou, hulle, Hy kom net na hulle wat na Hom soek. Laat ek dit herhaal, in die gehoor vanaand, as jy hier is as 'n kritikus, as jy hier is as 'n ongelowige, sal Hy jou nooit aanraak nie, jou net bestraf, maar Hy kom na hulle wat na Hom soek, wat gelowiges is. Nêrens in die Skrifte het Hy ooit op enige ander manier gekom, behalwe na gelowiges nie, dis waar Hy belowe het om te vergader. Om Sy genesing te doen, het Hy 'n—'n blinde man weggeneem van die ongelowiges, buitekant die stad, om sy oë te genees.

127 Hy kom net na gelowiges toe. So, die Heidene in daardie dag het nie gesoek na enige Messias nie, maar Samaritane en Jode het. En toe Hy na die Jode toe gekom het, het Hy Sy teken getoon as Messias, en die ware gelowiges het dit erken as die Messias, die ongelowige het dit verwerp en is daardeur vervloek.

128 Nou—nou, ons is. . .ons vind dan uit in Johannes die 4de hoofstuk, Hy gaan nou op na die, Samaria, na die stad van Sigar, en wanneer Hy daarbo kom, stuur Hy Sy dissipels weg om kos te koop. En terwyl hulle weg was om kos te koop, het 'n vrou uitgekom, 'n vrou met slegte reputasie, en sy was. . .het baie mans gehad, en sy het uitgekom om water te kry, en Jesus het gesê: "Vrou, bring vir My water om te drink."

129 En sy sê: "Die put is diep, en buitendien, het ons segregasie hier, daar. . .julle—julle Jode behoort nie vir ons Samaritane sulke goed te vra nie, dis nie die gebruik vir 'n Joodse man om 'n Samaritaanse vrou te vra nie."

Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat," sien: "sou jy vir My water gevra het om te drink."

130 Die gesprek, wat het Hy gedoen? Haar gees gekontak. Uiteindelik, het Hy gevind wat haar probleem was, en Hy het gesê: "Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

131 Gesê: "Jy het reg gesê. Want jy het vyf mans gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie. En daaroor het jy reg gesê."

132 Hou daardie vrou dop, hierdie is 'n teregwysing vir die mense van hierdie dag, daardie vrou sal opstaan in die Oordeel en hierdie geslagte veroordeel, daardie berugte prostituut het opgestaan en gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is. Ons, ons weet, ons word geleer dat die Messias, wat die Christus genoem word, die Gesalfde, wanneer Hy kom, sal Hy hierdie tekens doen. Maar Wie is U?"

Jesus het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

133 Daarop, het sy haar waterpot gelos en in die stad ingehardloop en gesê, vir die manne van die stad: "Kom sien 'n

Man Wat vir my vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?"

134 Nou, Kanadese broers en susters, laat ons nie kinders wees nie, kom ons kyk na die Bybel, as dit die teken van Messias gister was, aan beide Jood en Samaritaan, sou dit nie dieselfde teken van Messias vir die Heiden wees nie?

135 Nou, later aan. . .Nooit is daardie werke gedoen voor Heidene in daardie dae nie. Maar laat my klaarmaak om by die Heiden uit te kom. Nou, ons weet dat ons tweeduisend jaar gehad het sonder 'n rekord êrens van enige van daardie verskynsels na Pinkster.

136 Ons het groot uitbrake van kerke gehad, 'n groot Martin Luther, 'n groot John Wesley, en ek was by hulle plekke en ek het op Wesley se preekstoel gestaan, ek dink nou daaraan, dis bo aan 'n kant, waar hy gepreek het vir vyftienhonderd elke oggend, en by sy graf, en Moeder Susanna, en oral om die verskillende dele van die wêreld en die groot manne ensovoorts, maar vriende, ons het nog nooit sedert die dae van die apostels en die uitsterf van daardie vroeë apostoliese beweging, af tot by omtrent die—die middel van die kerk. . .die derde eeu na die dood van Christus, het ons ooit hierdie beweging gehad wat gekom het nie.

137 Nou, die Kerk het uitgekom uit. . .Dit was die uitgaan van die apostoliese Kerk, en dit is gebore deur etlike honderde jare, omtrent tienhonderd jaar daar, of meer, van net donker eeue, word dit genoem. Toe aan die, *hierdie* kant het uitgekom in die eerste hervorming, wat Martin Luther was, toe kom John Wesley, en toe die Pinksterbeweging. In hierdie eeu hier, waarin ons lewe, is die vergader van 'n kerkeeu.

138 Nou, let op, as God die onfeilbare God is, as Hy die Groot Jehova is, kan Hy nie een kind op een manier behandel, en 'n ander, die ander kind, op 'n ander manier nie, en wat Hy aan hulle gedoen het, moet Hy aan ons doen, of hulle het iets gekry wat ons nie gekry het nie. So as Hy die Kerk net laat ingaan op gewone teologie, het Hy die Heidense Kerk te kort gedoen, en, toe Hy belowe het dat Hy Dit *meer* sou gee as wat hulle destyds daar gehad het, so daar's iets verkeerd iewers as ons dit nie ontvang nie.

139 Maar luister, my broer, suster, moenie dat dit oor jou kop gaan nie, dit gaan altyd bo-oor mense se kop, en hulle weet niks daarvan nie. Hulle het nooit die profete herken in hulle dae totdat hulle dood was nie, ook het hulle nooit Jesus Christus as die Seun van God herken totdat Hy dood, begrawe, en weer opgestaan het nie, dis toe die Kerk begin besef het Hy was die Seun van God.

140 Kyk na Sint Patrick en baie van die heiliges van hierdie kant. Kyk na Johanna van Arkel, julle Katolieke mense hier, kyk na Johanna van Arkel. Wat het jy haar genoem? Julle kerk het haar

op die brandstapel verbrand as ’n heks, omdat sy visioene gesien het en vir die siekes gebid het, en toe het julle gesê sy was ’n heks en haar op die brandstapel verbrand, en daardie vrou wat uitgeroep het om genade.

141 O, bietjie meer as ’n honderd jaar later, het julle herken dat sy ’n heilige was. Wat het julle gedoen vir boetedoening? Julle het daardie priesters se liggaam opgegrawe wat haar verbrand het en dit in die see gegooi. Maar julle sien, sy het reg bo-oor julle koppe gegaan, God het haar geneem en julle het nie herken nie.

142 So is dit van elke eeu, “Hy verberg dit vir die oë van die wyses en verstandiges, en sal dit openbaar aan kindertjies, wat nederig is en wil leer.” So laat ons wakker word, my broer, suster, laat ons die aanhaling van Jesus net ’n oomblik neem voor ons ’n gebedsry roep, Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens.”

143 Laat ons kyk wat dit beteken: “Die dae van Sodom,” die dae van Sodom was daar drie klasse mense: die Sodomiet; die louwarm kerklidmaat, wat Lot en die wêreld was; en daar was Abraham, die uitverkore Kerk, uitgeroep, wat buite op die berg gesit het, die pad gevolg het saam met die Here se paar veragtes, die klein dingetjies van die aarde gehad het, maar hy was God se dienskneg.

144 Nou, God het afgekom in ’n vorm van drie Engele, twee van Hulle het afgegaan in Sodom en gepreek en Lot uit Sodom uitgeroep voor die verbranding van Sodom. Nou, kyk hoe Hy nou daarna verwys het, na die tyd van die val van die Vuur.

145 En as ons is—ons is—as ons by ons regte positiewe is, kan ons sien dat die mens in sy prestasies om die wêreld te oorwin, hy iets bereik het wat die wêreld en homself daarmee saam gaan vernietig, atoom en waterstof, bomme. En dit kan voor daglig gebeur, dit kan binne ’n paar minute gebeur, die hele wêreld mag in hierdie sputniks kom en net sê: “Wel, wil julle vergaan, of oorgee?” Wat sou ons doen? Sien?

146 En dit lê in die hande van sondige mense. Wat as iemand eendag te veel vodka drink, en een van daardie missiele loslaat? Elke volk het hulle gereed, net om te trek. Wel, die wêreld kon dit nie oorleef nie.

147 En dis presies wat God geprofeteer het sou plaasvind, “Die hemel en aarde sou aan die brand wees en brand met vurige hitte.” Gesê: “Voor daardie groot en verskriklike dag van die Here sal kom, sal die wêreld met vuur verbrand word,” Maleági 4. En gesê: “Die regverdiges sal uitstap op die as,” die vulkaniese as: “van die bose,” in die Millennium. Dis reg.

148 Maar voor daardie dag gekom het, het Hy gesê: “Ek sal Elía stuur wat die geloof van die mense terug sal herstel na die vader-. . . ” [Leë kol op band—Red.]

149 Waarvan was dit 'n simbool? Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Nou, Sara, sy vrou, was oud, Abra-. . . hy was *Abram*, 'n paar dae tevore, maar sy naam is verander na *Abraham* deur God, toe God met hom gepraat het in die visioen.

150 Maar terwyl die Engel met Sy rug na die tent gesit het, het Hy gesê: "Abraham, waar is jou vrou Sara?" S-a-r-r. . . S-a-r-a, was S-a-r-r-i, julle weet. So Hy het gesê: "Waar is jou vrou Sara?"

Gesê: "Sy is in die tent agter U."

151 Hy het gesê: "Abraham, Ek gaan hierdie nie van jou weerhou nie, maar jy het My nou vir vyf-en-twintig jaar vertrou, en Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe."

152 Ek wil hê julle mense, as 'n gemengde gehoor, moet—moet nou verstandig wees, om, terwyl ek hierdie sê. [Leë kol op band—Red.] . . . het na die tent gedraai, gesê: "Waarom het Sara gelag, '*So-en-so,* gesê. Hoe kan hierdie dinge wees?'"

153 Nou, kyk, sien wat Jesus gesê het, nou, kyk na die—die betekenis: "Voor die dag van die Here sal kom. . . " In die dag van die koms van die Seun van die mens, sal God in die Kerk besig wees om dieselfde teken vir die mense te doen, vir die Uitverkore Kerk, soos Hy het met Abraham voor die verbranding van Sodom, en let op daardie teken, dieselfde teken wat Jesus gedoen het toe Hy hier op aarde was, is belowe in die laaste dae.

154 So: "Menere, ons wil Jesus graag sien." Hoe sou jy Hom ken? Volgens die Skrifte, toe Hy Homself bekend gemaak het aan die Jode, was Hy die Profeet wat die verborgenheid van hulle hart geken het. Hoeveel sal sê: "Dit is waar"?

155 Toe Hy Homself bekend gemaak het aan die ras van die Samaritane, het Hy Homself bekend gemaak as 'n Profeet, en die vrou het ingegaan en vir die manne van die stad gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?" Nou, laat ek die volgende vers neem, en die Bybel sê dat die hele stad, die hele ras daar, het in Jesus geglo, as gevolg van wat die vrou gesê het, van die vrou se woord.

Dink, Hy het daardie teken een keer gedoen, en dit het dit vir alle tye afgehandel, hulle het gesê: "Hy is die Messias," want Hy het die teken van die Messias gedoen.

156 Nou, onthou, nou, in hierdie laaste dae, let op, nie Jesus hier op aarde in 'n fisiese liggaam nie, maar die Gees van Jesus in menslike vlees, as die loot aan die Wynstok, sou dieselfde ding in menslike vlees doen.

157 Wanneer die Kerk sou vergader, sou Hy Homself bekend maak deur Hulle, so as Hy in hierdie kerk sou inkom vanaand, en daardie selfde ding sou doen, kan ons nie ons hande opsteek en God dank, soos daardie Grieke het nie? "Ons het Jesus gesien."

Dis wat Hy was, dis wat Hy is, as Hy dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid. Is dit waar? Hoeveel wil Hom graag sien?

Laat ons ons hoofde buig.

158 Heilige en Genadige God, hierdie is 'n—'n groot oomblik, hierdie is 'n oomblik wanneer dit die verskil tussen lewe en dood vir baie mense kan beteken. Dit mag op hierdie oomblik wees dat daar iemand sou sit wat krities sou wees wat hulleself vir Ewig mag skei van God. Daar mag een hier wees, Here, wat krities was en 'n gelowige sou word en Ewige Lewe sou kry.

159 Daar mag diegene wees, Here, hier wat siek is en kerk toe gegaan het en die—die getroue pastore het hulle met olie gesalf en oor hulle gebid, en hulle kon nie die geloof aangryp om genees te word nie. Mag dit gebeur, Here, dat hulle sal sien dat die einste Christus waarvan hulle pastoor gepraat het, nou 'n bietjie hoër opbeweeg het saam met ons, of, 'n bietjie na aan ons, bietjie nader, en Homself bekend sal maak onder ons, vanaand, dan kan hulle die geloof aangryp om te sien, "Ja, Jesus is hier, Hy is in ons midde. Ek glo Hom as my Geneser, as my Verlosser."

160 En dan kan hulle gaan getuig, hulle getuienis laat uitbasuin. En U kan die Hoëpriester wees, en U is die Hoëpriester van hulle belydenis nou, wanneer hulle waarlik, uit hulle hart, kan glo dat U die werk gedoen het. Ons weet sover as wat dit die werk self betref, dit alreeds voltooi is, maar om geloof toe te pas om dit te glo! "Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo."

161 Nou, Here Jesus, dit sou beter vir my wees buite op die rivieroewer *daar*, om êrens te rus en vis te vang, of miskien te gaan sit by my huis met my seuntjie, hier vandag op sy verjaarsdag, my klein sesjarige, Joseph. Hoe sou ek hom graag op my skoot wou hê vanaand, daardie groot oë te sien opkyk na my en sê: "Pappa," 'n vreugde wat U my gegee het in my middeljare. Dit sou beter vir my wees *daar* onder of enige plek as om hier in hierdie kerk te wees, om die kinders van God te probeer mislei.

162 God, ek bid dat op een of ander manier, dat elkeen hier in staat sal wees om hierdie paar gebroke woorde te begryp, Vader. Hulle mag verstrooi gewees het, hulle mag gewees het . . . nie in harte geboor word, soos graan gewoonlik geboor word nie, maar as hulle verstrooi was, mag dit val in die grond wat U voorsien het, en die resultate en die lof sal U s'n wees, Vader, soos ons in hierdie kerk, ek en hierdie kerk, onsself toevertrou aan U.

O, kom, Here Jesus. Ons is nie baie bymekaar vanaand nie, maar U het die drie belowe, en ons is meer as daardie getal.

163 En mag wanneer ons vanaand hier vertrek, op pad na ons verskillende huise langs die pad, mag ons sê soos hulle wat van Emmaüs gekom het, na die opstanding. En op daardie eerste groot oggend, botanie het alles geblom, en Lewe het geblom, en hy het saam met Hom in die pad af geloop, Cleopas en sy vriend. Hulle—hulle het nooit herken Wie Hy was nie, maar toe

teen die aandgety, omtrent hierdie tyd miskien, toe hulle in die herberg vergader was, het Hy iets gedoen net soos Hy het voor Hy gekruisig is, en hulle het geweet dat niemand anders dit so gedoen het behalwe Hy nie, en hulle oë is geopen, en hulle het herken Dit was hulle Here, en Hy het uit hulle sig verdwyn.

Vinnig, het hulle na die ander dissipels toe gehardloop en gesê: "Waarlik, Hy het opgestaan." Vader, ek bid dat dit ons getuienis sal wees vanaand.

164 Nou, ek het gepraat oor wat U was in die vergange dae. En hierdie mense het hulle hande opgesteek dat hulle U wou sien. Nou, laat dit vir ons wees vanaand, Here, om U Woord te vervul, dis volgens U Woord.

165 Toe U hier op aarde was, het U gesê U het genees, want dit was om te vervul wat die profete van U gesê het, en dan, Vader, vanaand, het U hierdie dinge ook belowe, in hierdie laaste dag, so ek bid dat U U Woord sal vervul vanaand. Skenk dit, soos ons onsself aan U toevertrou. In Jesus Christus' Naam, vra ons dit. Amen.

166 Dankie vir julle bedagsaamheid om so lank vir my te wag. En nou, ons, môre-oggend, kom ons vroeg na die ontbyt.

167 En dan, sal ek julle nie baie lank hou nie, maar ons sal net roep, ek glo . . . O, wag, ek . . . Het julle gebedskaartjies gegee? Ja. Goed. Hy sê hy het gebedskaartjies uitgegee. Wat was dit? A's of C's? C's. Wel, goed. Van een tot 'n honderd? Goed. Kom ons roep net 'n gebedsrytjie binne 'n oomblik. Ek is net . . . maak . . . probeer om te sien watter kant toe Hy vir my sal sê waar om daarbinne te begin, om van waar af te begin. En laat dit net op my gedagte kom en dan sal ek . . . Ons sal nie te veel opbring nie.

168 Maar net hiervan: As—as Hy, as Christus in ons midde sal kom en bewys dat Hy hier is, dat Hy nie dood is nie, maar Hy lewe, sou dit nie . . .? Kan ons nie soveel geloof hê as daardie arme prostituut van Sigar nie? Kan ons nie in onsself sê, as Christengelowiges: "Waarlik, Dit is die Messias, want Hy het dit belowe," nie. *Hier* is die Woord wat so sê, en hier is Hy, net hier by ons vandag, om dit te doen.

169 Daarom, vriende, wil ek hê julle moet weet as ek daar kon uitkom en, ek sê dit met eerbied, nie grappenderwys nie, maar eerbiedig, en 'n—'n vyf-en-twintigsentstuk op die straat neersit, en dit met my neus reg in die hoofstraat afstoot hier, en afgaan deur die stad en daardie vyf-en-twintigsentstuk stoot met my neus, op my hande en knieë, om julle te sien gesond word, sou ek net nou begin, en met flitsligte, sou ek dit heelnag stoot om te sien dat julle gesond word.

170 Nou, ek bedoel dit regtig, ek wás al siek, ek weet wat siekte is. Maar dit sou nie werk nie, julle is alreeds genees deur Sy wonde. Ek wat hande op julle lê? Of die predikers hande op julle lê? Dis alles reg, maar dit is nie nodig nie, die enigste ding wat julle hoef

te doen, is om te aanvaar wat Hy alreeds vir julle gedoen het. Sien?

171 En nou, die. . . ons broers hier het dit goed en verstandig vir julle gepreek, dat Hy die Christus is, en julle het dit geglo en verlossing aanvaar. En julle sien die resultate, hoe gelukkig julle was? Wel nou, dieselfde ding sal ook deur genesing of verlossing wees, julle moet onthou, die werke is alreeds voltooi. Nou, ons sal net vra of almal net so eerbiedig sal wees.

172 Nou, as ons Heilige Vader die Teenwoordigheid van Sy Gees sal skenk, en, om dieselfde werke hier voor julle te doen, hoeveel hierbinne het nog nooit in jou lewe gesien dat dit gedoen word nie? Laat ons julle—julle hande sien opgaan. Oral oor die gebou, dit nog nooit in jou hele lewe gesien nie. Jy bedoel daar's net twee mense wat nog noo-. . .?

173 Hoeveel hier was nog nooit in een van my dienste nie, steek jou hand op? Nog nooit in een van my die-. . . Wel, waar het julle dan gesien dat dit gedoen word? Ek. . . Nou, daar's iets verkeerd iewers. Sekerlik, ek glo julle is opreg. Jy. . . Wel, miskien het jy, so ek—ek's dankbaar daarvoor.

174 Maar, ek glo dat daar iewers iets verkeerd is, want dit het nie reg geregistreer nie, so miskien het julle my net nie verstaan nie. Ek let op partymaal hierbinne, ons het Noorweërs, Swede, en wat nog, sodat hulle nie, miskien nie die Engels baie goed verstaan nie, so miskien. . . Maar julle het die tweede keer verstaan. So hoeveel het die Here lief? Ek sal dit so sê. Nou, ons het almal. Goed, meneer.

175 Nou, laat ons sien. Het jy gesê C, een tot 'n honderd? Laat ons dan by nommer een begin. Gebedskaartjie C, nommer een. Het jy. . .? Wie's, het daardie gebedskaartjie? Sou jy. . .? [Leë kol op band—Red.]

Lyk asof almal, almal kan loop, so ek sal, in plaas van om te neem. . . af te gaan soontoe na die kreupeles, sal ek hulle net hiernatoe bring.

176 Nou, ek wil graag een ding vir julle daarbuite sê: Hoeveel weet dat die Skrif sê dat Jesus Christus, net nou, 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Ons stem almal saam daaroor, ja. Goed.

177 Nou, dis die Boek van Hebreërs. Hy—Hy is 'n Wat? 'n Hoëpriester. Is Hy dieselfde Hoëpriester wat Hy was toe Hy hier op aarde was? Is Hy dieselfde? Hoe sou Hy dan in Sy priesterskap optree as Hy dieselfde Hoëpriester is wat gister was? As Hy vandag is, sou Hy op dieselfde manier optree, is dit reg?

178 Hoeveel onthou die storie van die vrou met die bloedvloeïng, wat gekom het en die soom van Sy kleed aangeraak het, wat gesê het as sy Sy kleed kon aanraak, sou sy gesond gemaak word? Onthou julle die storie?

179 Nou, nou, kyk hierna, dan miskien, laat ons dit net sê om ’n—’n punt te maak, sy het nie ’n gebedskaartjie gehad nie, sy kon nie naby Hom kom nie, maar sy het gesê: “Ek—ek—ek glo, as ek Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word.” So sy sluip nader totdat sy Sy kleed aanraak. Fisies, kon Hy dit nie gevoel het nie, want die kleed, Palestynse kleed, hang los met ’n onderkleed.

So toe sy. . .Hy. . .Maar Hy het gestop, en Hy het gesê: “Wie het My aangeraak?”

180 En die apostel Petrus het Hom skerp bestraf, iets soos hierdie gesê: “Waarom sou U so-iets sê? Almal raak aan U: ‘Aangename kennis? Is U die Profeet? Is U—is U die Prediker? Is U. . .? Ons is beslis bly om U te ontmoet. Het. . .Sal U graag hier wil hê, Eerwaarde,’ soos dit, almal.” Gesê: “En sê: ‘Wie het My aangeraak?’ Wel, dit klink nie verstandig nie,” mag Petrus gesê het.

So Jesus het gesê: “Maar Ek sien dat daar deug van My uitgegaan het.” Is dit reg? Nou, deug is krag, met ander woorde: “Ek het swak geword.” Sien?

181 Nou, toe dit gedoen is, het Jesus oor die gehoor gekyk, luister nou mooi, Jesus het oor Sy gehoor gekyk, miskien soos om hier te staan, miskien groter, miskien nie soveel nie, maar Hy het oor die gehoor gekyk totdat Hy die vrou gevind het, en haar vertel het van haar bloedvloeïng, en gesê dit het gestop, haar geloof het haar gered. Is dit reg?

182 Wel nou, as Hy daardie selfde Hoëpriester is, dieselfde Hoëpriester, en julle wat daarbuite sit sal nie in hierdie gebedsry wees nie, kan julle Hom nie aanraak met julle geloof nie? Sou Hy nie dieselfde optree as Hy dieselfde Hoëpriester is nie? Klink dit logies? Steek julle hande op, almal in die gebou. Sien, ek kry julle om. . .vind die guns van God as ek kan, om julle te laat sien dat dit waarheid is, kyk hoe julle daarop reageer. Sien? Dit sou dieselfde wees.

183 Nou, julle daarbuite sê: “Broer Branham weet nie een ding van my af nie, hy’s ’n totale vreemdeling vir my, hy ken my nie, maar Here, U weet wat verkeerd is met my, so as U hom net sal laat. . .Ek wil U aanraak, Jesus. Kan ek my genesing kry—kry vanaand?” En sê dan: “Praat deur Broer Branham en laat hom omdraai en my vertel.” Kyk dan of Hy dit doen.

184 Sou dit nie wonderlik wees nie? Sou dit nie wees. . .? Dit sou Christendom dieselfde maak. . .Julle weet, baie groot gode van Boeddha, en—en al die Sikhs, en Djaine, ensovoorts van die verskillende godsdienste, en elkeen van hulle stigters, is dood en in die graf, maar ons het ’n leë graf, Christendom. Ons Here het opgestaan uit die dood, en Hy is reg by ons, lewe in ons, wat Homself wys deur onfeilbare bewyse dat Hy die Opstanding en die Lewe is. Hy het opgestaan uit die dood.

185 Nou, die volgende sal God moet wees, hierdie is so ver as wat ek kan gaan, enigiemand weet dit, die volgende sal God moet wees. Nou, jy moet nie . . . Staan net daar, Dame, dit sal nou reg wees.

186 Nou, hier staan 'n dame wat 'n—'n vreemdeling vir my is. Terloops, ek wil graag dit vra: Hoeveel hierbinne is vreemdelinge vir my, dat julle weet dat ek niks van julle af weet nie? Steek jou hand op, weet dat . . . net sta- . . . in die gebedsry, elkeen van julle in die gebedsry, as julle almal vreemdelinge is. Goed, elkeen van julle.

187 Nou, ek—ek's 'n vreemdeling vir julle, ek het twee of drie vriende hier, wat hierbo is op die vakansie saam met my, 'n prediker wat *hier* in die hoek sit, van onder in—in Alabama, en ek het Broer Sothmann, hy's 'n Kanadees, en Broer Tom, wat hier agter oorkant in *hierdie* hoek *hier* sit, oorkant in, *daar* is hulle, reg *hier* oorkant in die hoek, so ek ken hulle.

188 Nou, net baie eerbiedig en almal in gebed nou. Nou, hierdie is 'n prentjie, iets soos ek 'n paar oomblikke gelede gesê het, van Johannes die 4de hoofstuk, ons Here het 'n vrou van Samaria ontmoet, Samaritaanse vrou by die put. Ken julle die storie?

189 Nou, Hy was 'n man, sy 'n vrou, en hulle het gestaan miskien, soos ons nou is, en die—die put is soort van 'n panorama, en—en Hy het met haar begin praat totdat Hy gevind het wat haar probleem was wa- . . . Sê, klim jy hier op as jy kan, as jy nie omgee nie, net *hier*, sodat dit nie so moeilik vir jou sal wees nie.

So Hy het gepraat met—met die vrou en gesê . . . Hy het haar gees probeer kontak, natuurlik, toe Hy gesê het: "Bring vir My water om te drink," Hy het kontak gemaak met haar.

190 Nou, wees baie eerbiedig, moenie rondbeweeg nie. Sien, elkeen van julle is 'n gees, julle weet dit, as jy nie is nie, is jy dood. So dan . . . is jou gees. En elkeen van julle geeste kom nou in kontak met die Heilige Gees. Sien, Dis baie sensitief, en Dit, baie sagmoedig, Dit sal net weggaan. Sien? So nou net—net—net, wees net so eerbiedig en stil as wat julle nou kan wees.

191 Nou, julle besef, julle Christene, waarmee ek te kampe het? Hier's 'n vrou wat ek nog nooit in my lewe gesien het nie. En ek . . . Ons is vreemdelinge vir mekaar. Nou, sodat julle sal weet en seker wees, kyk, ek hou my hande, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Sal jy net jou hand opsteek sodat hulle kan sien? Steek net jou hand op sodat mense sal sien dat ons vreemdelinge is.

192 Nou, wat ek vanaand geleer het, was die Skrif, wat die beloftes van God was vir hierdie dag. Nou, hier's, Christendom moet gewys word of dis vals. Die Bybel is verkeerd óf Dis reg. Christus het opgestaan óf Hy het nie opgestaan nie.

193 Nou, dis totaal onmoontlik vir my om hierdie vrou te ken, enigiets van haar, wie sy is, waar sy vandaan kom, waarvoor sy hier is, wat verkeerd is met haar, of, dit sou totaal onmoontlik wees vir my om dit te weet. Dit sou geopenbaar moes word deur een of ander bonatuurlike krag. Ons sal almal, "Amen," kan sê daarop. Wel, is al. . . Dit hang net af van wat julle dink Dit is. Sien? Dit hang van julle af. Sien?

194 Maar nou, as Hy dit sou doen, en vir my iets sou vertel waarvoor jy hier is, of iets wat in jou lewe was wat jy weet. . . Nou, as ek gesê het: "Suster, die Here Jesus het my geroep om vir die siek mense te bid. Glo jy dit?"

Jy sou miskien sê: "Ja, Mnr. Branham, ek glo dit."

Ek sou sê: "Goed, ek—ek gaan my hande op jou lê, en vir jou bid."

En ek sou my hande oplê, en sê: "Jesus, Liewe Jesus, genees hierdie vrou en laat haar gesond wees."

195 En jy sou sê: "Ek glo dit," weggaan, glo ek jy sal gesond word. Ek. . . Sou—sou julle dit glo, almal van julle? Sekerlik, ons sou. Sien, want ek het gevra. Nou, dis waar, dit sou in orde wees. Maar nou, wat. . .?

As ons gaan praat oor 'n herrese Christus en 'n belofte om Homself onder ons te vertoon, sien, dan, nou, dit doen iets anders.

196 Nou, hier kom Hy hier en kan vir jou sê wat jy was, of wat verkeerd is met jou, of wat jy begeer, of so-iets, iets wat jy weet en weet wat ek nie weet nie, en weet dat ek 'n man is, geen manier sou hê om dit te weet nie, dan wys dit as Hy weet wat jy was, Hy weet wat jy sal wees. Is dit reg, gehoor? Sien?

197 Nou—nou, net baie eerbiedig. Sy's 'n goeie persoon. Maar ek's, kom so moeg na jou toe, ek was ses maande op die veld totdat ek net op die punt is om. . . Broer Mercier het my 'n rukkie gelede ontmoet, gesê: "Broer Branham, jy lyk asof jy net omtrent gereed is om flou te word en om te val."

Ek het gesê: "Ek is." Sien?

198 Ses maande hiervan, partymaal twintig en dertig visioene per aand, totdat dit my net—net doodmaak. En onthou, een het krag uit Hom laat uitgaan. Wat dink julle sou dit aan my doen, 'n sondaar, gered deur Sy genade? Net omdat Hy gesê het: "Meer as dit sal julle doen, want Ek gaan na die Vader." Die Skrif moet vervul word.

Nou, as Hy vir my sal verduidelik waarvoor—waarvoor jy hier is, sal jy weet of dit die waarheid is of nie. Sien, jy. . .

199 Die dame is baie bewus daarvan dat daar iets aan die gang is, wat daar is, ek hou 'n Lig dop wat reg op haar afkom. En die dame ly aan 'n—'n baie erg senuweeagtigheid waarvoor sy gebid wil word. Dit is reg. Senuweeagtig. As. . . Dit is reg, is dit nie?

200 En dan is jy—is jy net op die punt om 'n operasie te ondergaan. Dit is reg. Dis vir 'n vergroeisel. As God vir my sal sê waar die vergroeisel is, sal jy glo dat ek Sy profeet is? Dis in jou neus. As dit reg is, steek jou hand op.

Nou, glo jy?

201 Nou, daar's salwing hier iewers. Julle is bewus dat iets aan die gang is, baie liefdevolle gevoel, is dit reg? Dis die Christus, die Heilige Gees. Nou, steek net jou hand op as dit reg is, jy voel 'n baie liefdevolle gevoel. Hier is dit.

202 Nou, hierdie salwing hierdeur, ek lê my hande op my suster in die Naam van Jesus Christus, om al die werke van die duiwel te veroordeel, sodat sy gesond gemaak kan word. Amen.

God seën jou, Suster. Gaan, en God se vrede sy met jou.

Nou, glo julle dat Hy lewe? Sekerlik, Hy lewe.

203 Aangename kennis, Dame? Ek en jy wat vreemdelinge vir mekaar is, dit is waar. Eerste keer om te ontmoet, maar God ken albei van ons. As Hy aan my sal openbaar wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is? Jy sal.

204 Jy's nie hier vir jouself nie, jy staan hier vir iemand anders, 'n vriend wat ly aan kranksinnigheid. Dis waar, is dit nie? Glo jy hulle gaan gesond word? God seën julle. Gaan, en mag God se vrede met julle wees, en wat julle geglo het, dit sal net so wees.

205 Kom by hierdie. . .?. . .Aangename kennis? Kan jy Engels praat? Is jy Indiaans? [Die suster sê: "Nee, Joods."—Red.] Joods. Dis baie goed. O, julle behoort. . .Daar is goed. Hier is ons. Praat jy Hebreeus? Jiddisj? Hier is ons weer, 'n Jood wat hier staan. Dan sou dit wonderlik wees om die Messias te sien.

206 Julle weet as 'n Jood, moes daardie Messias die Profeet wees waarvan Moses gepraat het, Hy sou opgerig word. Is dit reg, my Joodse suster? Dan is ek seker jy sal nie die fout maak wat die tempelpriesters in die vroeë dae gemaak het, om Dit te verwerp nie, sou jy glo dat Dit Messias sou wees.

207 Hierdie is 'n Bybelse toneel, net op hierdie tyd, vriende, 'n Joodse vrou, wat geleer word om te glo dat die Messias 'n Profeet sou wees. Nou, daardie. . .Ek's nie die Messias nie, Dis Sy Gees, die Heilige Gees, dis wat Dit is. Sien? Ons is net gesalf met Sy Gees. Hy is die Wynstok, ek's net een van Sy lote.

Jy is in 'n baie slegte toestand, jy ly aan 'n gewas. Dis reg.

208 Nou, ek bly dit voel kom van *hier* oorkant af, sê: "Hy raai dit." Ek raai dit nie. Nou, julle moet onthou, julle kan nie nou julle gedagtes wegsteek nie. Sien? Hier, sy's 'n Jood. Net 'n oomblik.

209 Ek weet nie wat Hy gesê het verkeerd was met jou nie. Ek. . . Sien, dis asof ek gaan, dis net in 'n ander dimensie, 'n ander wêreld. Ja, dis 'n—'n gewas, en dis 'n skildkliergewas. Dit is reg, is dit nie? En jy ly aan 'n senuweeagtigheid. Dis waar. En dan

het jy 'n, iemand vir wie jy bid, wat 'n kind is. En dis regtig, baie senuweeagtig, en sy—sy IK, die—die leer is nie te goed nie, jy bid daarvoor. Dit is waar. Jy bid ook vir 'n suster, wat geweldig ly, senuweeagtigheid. Mev. Lick, jou naam, jy kan teruggaan, jy het nou jou versoek, Jesus Naam. Glo jy Hy is nou die Messias? Amen. God seën jou.

210 Wat van julle in die gehoor? Glo julle met jou hele hart? Hy is Christus, die Seun van God. Wees baie eerbiedig. Besef julle Wie daardie Persoon nou onder ons is? "Menere, ons wil Jesus graag sien."

211 Wel nou, julle sal nie Sy fisiese liggaam sien tot Sy Tweede Koms nie. En Hy sal nooit na die aarde toe kom met Sy Tweede Koms nie, ons sal opgeraap word in die lug om Hom in die lug te ontmoet. Ons sal Hom in die lug ontmoet. Is dit reg, broers? Hom in die lug ontmoet. Maar Sy Gees . . .

212 Julle sien hoe die Kerk gekom het van Martin Luther, regverdigmaking, Wesley, heiligmaking, Pinkster, Dis die Heilige Gees, soos om die piramide se bopunt op te sit? Nou, slyp Hy Dit. Julle onthou, die piramidekop op die agterkant van ons Amerikaanse dollar, Die Groot Seël, was weg. Hy is die Hoofsteen, die Verwerpte, so Dit maak Dit net so naby, Dit moet reg inpas. Dit moet Sy bediening wees wat homself weer reproduseer in Sy Kerk, vir die Wegraping. Wel, ons is net hier, vriende.

Glo jy jou voete en bene gaan regkom? Goed, Meneer. Jy kan dit dan kry. Amen.

213 Ek's 'n vreemdeling vir jou, ek ken jou nie, maar God ken jou wel. As die Here Jesus aan my sal openbaar wat jou probleem is, sal jy glo dat Hy die Seun van God is, en ek net gestuur is as Sy dienskneg? Met—met jou hele hart.

214 Hoeveel in die gehoor sal dit glo? Ek het nog nooit in my lewe hierdie man gesien nie. Ons is—ons is vreemdelinge vir mekaar. Is dit reg? Steek net jou hand op, sodat ons sal sien dat ons totale vreemdelinge is.

Nou, as Hy dit sal doen, as die Samaritaanse mense eenkeer gesien het dat dit gedoen word en permanent oortuig was, kon ons sekerlik oortuig wees.

215 Hierdie man het baie probleme gehad, hy het uit die hospitaal gekom, 'n prostaatprobleem, operasie. Jy is veronderstel om weer terug te gaan, en dis vir 'n—'n aambeiprobleem. Dit is reg. Dis SO SPREEK DIE HERE.

216 Hemelse Vader, gee dat U seëninge rus op hierdie broertjie, dat hy gesond gemaak sal word sodat hy tot U eer kan lewe. Ek vra in Jesus' Naam. Amen.

God seën jou, Broertjie. Gaan, glo nou, dit sal verby wees vir jou. Amen. God sy met jou, Broer.

217 Glo jy nou met jou hele hart? Hoeveel glo nou met julle hele hart? Hoeveel sal dit nou aanvaar met julle hele hart? Glo Hom.

218 Dis alles reg, jy hoef nie ver op te kom nie. Wat as ek vir jou gesê het, sonder om een woord vir jou te sê, dat jou probleem verby is, sou jy dit glo? Sal jy gesond word? Die rugprobleem sou reg wees, en die harttoestand, alles, jy net aangaan en gesond wees? Gaan net terug, nou, na jou sitplek toe en ontvang dit net, en glo met jou hele hart.

219 Nou, wat van julle? As jy nie met die trappe opgekom het nie, dametjie daar, hier, wat as ek vir jou gesê het jy sal weer in staat wees om jou maaltye te eet, daardie maagprobleem jou verlaat het, sou jy dit glo? As jy sal, steek jou hand op. Gaan eet dan, Jesus Christus maak jou gesond.

Die nierprobleem, rugprobleem, ensovoorts, dit het jou klaar verlaat, jy kan nou huis toe gaan en gesond gemaak word. Glo met jou hele hart.

220 Kyk hier, Meneer. Glo jy dat ek Sy profeet is? Glo jy daardie ou asmatiese hoes gaan jou verlaat en jy gaan dit nie meer hê nie? Jy glo? Glo jy dit met jou hele hart? Gaan dan terug en glo dit, en dit sal net so wees.

Hê net geloof, moenie twyfel nie. As jy God glo, sal God dit vir jou skenk, as jy—as jy dit sal glo.

221 Wat as ek net vir jou gesê het wat daar gestaan het, nie een ding gesê het nie, net vir jou gesê het om na jou sitplek toe te gaan, jy sou gesond wees, sou jy dit glo? Gaan na jou sitplek toe en word gesond, dis al.

Ek wil net sien wat die res van julle, kyk of julle soveel geloof het om te glo.

Sou jy dieselfde ding glo? Hou aan, sê: "Die Here seën."

222 Nou, wat sou jy dink as ek jou vertel het? Jy sê: "Ek sal liewer, Broer Branham, jy vir my sê wat verkeerd is, want ek's 'n bietjie bekommerd." Was dit nie reg nie? Ek lees nie jou gedagtes nie, maar jy kan nie jou gedagtes op hierdie tydstip wegsteek nie. Goed. Jou vroueprobleem, damesprobleem, gaan jou verlaat, sodat jy—jy kan teruggaan na jou sitplek. Gaan net saam met haar Broer, en word gesond. Jesus Christus, maak jou gesond.

Glo julle met julle hele harte? Wat van buite in die gehoor? Wees baie eerbiedig.

223 Hierdie dame wat ver agter hier aan die einde sit, na my kyk hier buite op die punt, met probleme met jou knieë, glo jy God gaan jou gesond maak, Dame? Soort van 'n gesette dame, ek ken jou nie, jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar jy het probleme met jou knieë. As dit reg is, steek jou hand op.

224 Wat het sy aangeraak? Vra wat sy aangeraak het. Sy het die Hoëpriester, Jesus Christus, aangeraak, wat aangeraak kan word

deur die gevoel van ons swakhede. Glo julle dit met julle hele hart?

225 Hierdie dame wat net hier sit, ly aan artritis. Glo jy dat God jou sal gesond maak, Dame? Glo dit met jou hele hart dat Hy jou sal genees? Steek jou hand op as jy dit glo. Goed. Wat het jy aangeraak? Jy het my nooit aangeraak nie, jy's twintig voet van my af, jy het die Hoëpriester aangeraak wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Glo met jou hele hart en dit sal jou verlaat.

Iemand anders hierbinne glo?

226 Hier, hier's. . .Jy met jou hand op, glo jy? Glo jy daar agter, daardie dame, glo jy met jou hele hart? Die senuwee-ineenstorting sal jou verlaat. Jy het 'n senuwee-ineenstorting. Dis reg. Jy het ook artritis, jy het komplikasies. Is dit reg? As ons vreemdelinge is, wuif jou hand *so*. Aan wie het jy geraak? Jy het my nooit aangeraak nie, jy het die Hoëpriester aangeraak. Nou, jou senuwee-ineenstorting is weg, jy kan huis toe gaan en gesond wees, in die Naam van Jesus Christus.

227 Hoeveel van julle glo dat Jesus Christus, die Seun van God, opgestaan het uit die dood, en die vereiste dat ons vra: "Menere, ons wil Jesus graag sien," sien ons Sy Gees wat werk onder Sy mense? Steek julle hande op.

228 Nou, ek gaan julle vra om iets te doen. Hoeveel gelowiges is hier? Almal wat hulle hande opgesteek het, is gelowiges. Nou, sal julle iets vir my doen? Lê jy jou hande oorkant op iemand wat langs jou sit. Sal julle net julle hand oorkant op hulle sit? Kyk wat Hy vanaand gedoen het, kyk net wat Hy gedoen het. Nou, ek wil hê elkeen van julle moet julle hoof buig. Ek gaan net 'n gebed sê, ek wil hê julle moet dit agter my aan sê.

229 Almagtige God, Skepper van Hemel en aarde, Outeur van ewigdurende Lewe, Gewer van alle goeie gawes, ek bely nou my geloof in U, my geloof in U Seun, Jesus, en in al Sy Woorde. Hy het ons opdrag gegee om in die hele wêreld in te gaan en die Evangelie te verkondig, Hy het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Ek is 'n gelowige, ek bid vir hierdie persoon, op wie ek my hande gelê het, hulle bid vir my. Ek glo vir hulle, hulle glo vir my, saam, glo ons dat ons genees is, omdat ons U opdrag volg. In Jesus' Naam. Amen.

230 Nou, hou julle hoofde gebuig, hou julle hoof, bly net afgesonder met God. Jy het jou belydenis gemaak. Die einste Christus wat opgestaan het op die—op die laaste dag, opgekom het op Paasoggend, is net hier onder julle, julle sal, onthou net, SO SPREEK DIE HERE, sal jy nooit in enige, o, meer, Heidense kerktydperk, ooit enige teken sien om hierop te volg, groter te word nie. Hierdie is die laaste teken aan die Kerk.

231 Afgesonder met God nou. Glo. Glo net dat Hy Sy goedheid van Sy Gees in jou liggaam uitstort, en jy word genees, want daardie gelowige het hulle hande op jou gelê, en jy voel Sy seëning.

232 Nou, terwyl julle met julle hele hart glo, nou, gaan ek vir julle bid, en wie ook al jou hand het. . .hulle hande op jou, verteenwoordig my hande, my hande verteenwoordig God se hande. Nou, elkeen van julle begin nou net glo dat julle Hom reguit na julle sitplek sien kom en sê: "Kind van My, dis alles verby."

233 Ons Hemelse Vader, in die—die gewydheid van hierdie oomblik, wanneer besluite geneem moet word waar mense sal lewe of sterwe, het hierdie Christene hulle belydenis gemaak as gevolg van U Teenwoordigheid, en dat die Skrif vir ons sê dat ons aan die eindtyd is, en hulle het hulle hande op mekaar gelê, wat U Woord is wat U Kerk opdrag gee. "Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie."

234 Daarom, Satan, jy is 'n verslane wese, jy het geen wetlike regte om mee te begin om hierdie mense te pynig nie, jy's 'n bluf en ons ontbloot daardie bluf. Jesus Christus het jou verslaan in Sy dood en opstanding, Sy Bloed het elke prys van sonde betaal waarin jy die familie van die menslike ras ingelei het, en nou, is ons weer seuns en dogters, en Sy gesalfde Gees praat met ons vanaand, soos Hy het met Adam in die koelte van die aand, daarom, kan jy nie langer hierdie Christene vashou nie.

235 Ek beveel jou, deur die lewende God, dat jy weggaan van hierdie siek mense, uit hulle kom dat hulle vanaand uit hierdie gebou kan gaan vry van siekte, met 'n geloof wat so oorheersend is, dit sal jou uit hulle gedagtes en sfere uitdryf.

236 In die Naam van Jesus Christus, beveel ek Satan om hierdie mense te verlaat, hierdie siektes in die vorm van siekte, wat die duiwel is, om van hierdie mense af weg te gaan, deur Jesus Christus' Naam.

237 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, wil ek graag vra of daar iemand teenwoordig is wat Jesus nie as jou Verlosser ken nie en graag op jou voete wil staan en sê: "Terwyl ek in Sy Teenwoordigheid is, wil ek my sondes bely en sê ek was verkeerd"?

238 Jy mag 'n kerklidmaat wees, maar jy was 'n ongelowige, en jy nie. . .het nie geglo tot nou toe nie, en nou wil jy in Hom glo, en jy wil opstaan om—om te getuig. Sal julle op julle voete staan en sê: "Ek sal Jesus as my Verlosser aanvaar"?

239 Sou daar een onder ons wees wat hierdie glorieryke Gees van die Seun van God. . .? En onthou, voor die dag breek in die oggend, mag jy reg in Sy Teenwoordigheid wees, die einste Een wat in hierdie gebou beweeg vanaand, om rekenskap te gee

van wat jy met Hom sal doen. Is daardie persoon hier wat nooit Christus aanvaar het nie en Hom sou wou aanvaar?

240 Is daardie persoon hier wat 'n afvallige was en sou wou terugkom na Christus toe vanaand, terwyl jy in Sy groot Teenwoordigheid is? Staan op jou voete. Is daar een hier wat 'n kerklidmaat is en nie weet wat dit beteken om wedergebore te wees nie, om—om van aangesig tot aangesig met God te praat en die gemeenskap van die Heilige Gees te geniet, en sou . . . jy Hom graag wil ontvang? Sal jy op jou voete staan?

241 As daar nie is nie, hoeveel hier sal dan julle genesing aanvaar, sal op julle voete staan? God seën julle. God seën julle. Dis reg. Oral rondom. Dis wonderlik. Dit is goed. Aanvaar jou genesing. Staan net op jou voete net 'n oomblik, bly net staan. Staan op julle voete, elkeen wat julle genesing wil aanvaar.

242 Sien, Hy kyk na jou, Hy kyk reguit na jou, Hy is hier. Onthou, ek sê dit in die Naam van die Here, deur die opdrag wat my gegee is deur 'n Engel gestuur van God.

243 Soos julle almal gesien het, die Lig, wat die Verenigde State kopiereg het in die Washington DC, hang in die Godsdiens Saal van—van godsdienstige geskiedenis, in Washington DC, is die enigste bonatuurlike Wese wat ooit in die hele wêreld gefotografeer is; hang in die sale van Duitsland waar hulle dit geneem het.

244 SO SPREEK DIE GEES: Hy is nou hier om te genees en te red wie ook al in Hom wil glo.

245 Onthou . . . Die Here seën julle. Dankie dat julle staan. Nou, sal die res van die gehoor op julle voete staan? Julle wat gesond is en op julle voete wil staan. Dankie vir julle goeie aand en goeie samewerking. Sal julle môre êrens buite deur die stad die telefoon neem, en die siekes en die beproefdes kry, dat Jesus hulle mag genees terwyl ons hierdie byeenkomsie hou? God seën julle altyd.

246 Het julle Hom lief? Steek net julle hande op soos *hierdie*. Sal jy vir ons 'n akkoord gee, Suster? "Ek het Hom lief, ek het Hom lief." Hoeveel ken die lied? Dis een van my gunstelinge. Goed. As jy sal:

> Ek het Hom lief, ek het Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's boom.

Laat ons nou ons hoofde buig, terwyl ons dit neurie.

> Ek het Hom lief . . .

Ek gee vir julle julle pastoor.

> Ek . . .

Tot ons ontmoet, môre-oggend.

God seën jou, Pastoor.

61-0519 Menere, Ons Wil Jesus Graag Sien
Verenigde Kerk
Dawson Creek, Brits Kolumbië Kanada

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings

P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

www.branham.org